sapapers.co.za

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2024

# AFRIKAANS HUISTAAL: VRAESTEL II

Tyd: 3 uur | 100 punte

---

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. In hierdie vraestel is daar TWEE afdelings:

    - Afdeling A: Letterkunde (Drama en Prosa)
    - Afdeling B: Transaksionele Skryfwerk

3. Beantwoord twee vrae uit Afdeling A en twee vrae uit Afdeling B.

4. In Afdeling A is daar een dramavraag (Vraag 1) wat jy moet beantwoord en vier prosavrae (Vraag 2, 3, 4 en 5) waarvan jy slegs een moet beantwoord.

5. In Afdeling B moet jy die eerste vraag (Vraag 6) beantwoord. Daarna moet jy óf Vraag 7 óf Vraag 8 beantwoord.

6. Lees die instruksies by elke vraag noukeurig deur sodat jy presies weet wat van jou verwag word.

7. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae genommer is.

8. Begin elkeen van die vier vrae boaan 'n nuwe bladsy in jou antwoordboek.

9. Let op die puntetoekenning van die verskillende vrae en beplan jou tyd daarvolgens.

10. Skryf netjies en leesbaar.

11. Skenk aandag aan taalversorging.

---

IEB Copyright © 2024

## AFDELING A LETTERKUNDE

## DRAMA

### Instruksies vir dramavraag

- Hierdie vraag is verpligtend.
- Hoewel dit nie bepunt sal word nie, is deeglike beplanning uiters belangrik.
- Die vraag bestaan uit 'n stelling oor die drama waarop jy **argumenterend** in 'n mini-essay moet reageer.
- Jou inleiding moet duidelik aantoon of jy met die stelling saamstem of nie en ook jou hoofargument verwoord.
- Ondersteun jou argumente deurgaans met verwysings na en/of aanhalings uit die teks.
- Jou gevolgtrekking moet terugverwys na jou hoofargument en 'n duidelike slotsom gee.
- Bring die woordtal (ongeveer 400 woorde) onder jou mini-essay aan.
- 'n Nasienmatriks sal vir die assessering van jou mini-essay gebruik word.

### VRAAG 1 *Die dag is bros* deur Wessel Pretorius

**Definisie van 'n tritagonis:**
Die tritagonis is die derde sleutelkarakter wat diepte en kompleksiteit aan die verhaallyn gee. Die tritagonis is baie keer die morele kompas of katalisator in die drama. Deur die tritagonis se teenwoordigheid kan onverwagte veranderinge in die verhaallyn ontstaan.

[Bron: <https://www.educationworld.com/Tritagonist>]

### STELLING

Die karakter Tertius tree op as **tritagonis** in die drama. Alhoewel hy net 'n hallusinasie van Elsa is, speel hy 'n sleutelrol in die verwerking van trauma in Wessel Pretorius se drama *Die dag is bros.*

### OPDRAG

Argumenteer of Tertius 'n sleutelrol in die volgende aspekte speel:

- Hy verleen **diepte** en **kompleksiteit** aan die gesprekke met Elsa.
- Tertius tree op as **morele kompas** vir Elsa aan die einde van die drama.
- Tertius se teenwoordigheid veroorsaak 'n **onverwagte verandering/**wending in die plot van die drama.

**[30]**

IEB Copyright © 2024

## PROSA

### Instruksies vir prosavraag

- Twee vrae word oor elk van die twee voorgeskrewe romans gestel waarvan jy **slegs een** vraag moet beantwoord:

  Óf Vraag 2 óf Vraag 3 (oor *Een of ander held* – Zirk van den Berg)
  Óf Vraag 4 óf 5 (oor *Toekomsmens* – Isa Konrad)

- Hoewel dit nie bepunt sal word nie, is deeglike beplanning uiters belangrik.
- Jou inleiding moet reeds duidelik aantoon wat die uitgangspunt van jou opstel is.
- Ondersteun stellings deurgaans met verwysings na en/of aanhalings uit die teks.
- In jou gevolgtrekking moet jy terugverwys na jou hoofargument en telkens die verwagte inhoud, soos aangedui by elke vraag, aanspreek.
- Bring die woordtal (ongeveer 600 woorde) onder jou literêre opstel aan.
- 'n Nasienmatriks sal vir die assessering van jou literêre opstel gebruik word.

### VRAAG 2 *Een of ander held* deur Zirk van den Berg

> *"Jy was destyds verkeerd oor my," sê Siegfried uiteindelik, "en jy is nou verkeerd oor my."*

[Bl. 285]

Die bostaande woorde is Siegfried se laaste woorde in die roman. Die woorde is gerig aan Moritz Berghammer toe Moritz Siegfried se hand wou skud omdat hy so braaf opgetree het tydens Jager Orlam se inhegtenisneming.

### OPDRAG

Bespreek in 'n literêre opstel Siegfried Bock se **karakterontwikkeling** en hoe hy deur die realiteit van sy lewe en sekere gewaarwordings, besef dat:

- die lewe is hoe hy dit **ervaar** en ook hoe hy dit **aanvaar**;
- sekere karakters se **wanbegrip** van hom nie binne sy beheer is nie.

In jou gevolgtrekking moet jy besin of dit **eksterne faktore is** of die verandering in Siegfried se **perspektief oor homself** wat die deurslaggewende rol in sy karakterontwikkeling speel.

**[30]**

**OF**

IEB Copyright © 2024 

## VRAAG 3 *Een of ander held* deur Zirk van den Berg

In die roman *Een of ander held* is **menslikheid** en **mag** deurlopende **temas**. Om mag te behou, tree sekere karakters en bevolkingsgroepe soms selfs **onmenslik** op teenoor hul medemens.

**OPDRAG**

Bespreek in 'n literêre opstel hoe verskillende groepe en karakters hul **menslikheid behou of moet prysgee** te midde van die magstryd.

Verwys in jou bespreking onder meer na:

- die ongenaakbaarheid van die Duitse magte;
- karakters se aanvaarding van oorheersing ter wille van oorlewing;
- Jager Orlam wat sy medemenslikheid verloor.

**[30]**

**OF**

## VRAAG 4 *Toekomsmens* deur Isa Konrad

> *Kel bly sit op die sofa, sy kop in sy hande, berou in sy binneste. Hy is raadop. Iets wat hy nooit geken het voordat die katarakte van sy oë afgeskeur is nie.*

[Bl. 231]

Kel besef dat die Nuwe Orde ook maar net nog 'n korrupte regeringstelsel is.

**OPDRAG**

Bespreek in 'n literêre opstel Kel de Jong se **karakterontwikkeling** en hoe hy tot nuwe insigte kom oor **vryheid**, veral gedurende sy tydreise terug in die verlede, en besef dat:

- die stelsel, waaraan hy vas geglo het, vals is;
- sy vryheid en Adri se veiligheid onmoontlik binne hierdie sisteem is.

In jou gevolgtrekking moet jy daaroor besin of Kel (saam met Adri en die prototipe) se vlug na Namibië van hom 'n lafaard maak en of dit sy manier is om **verantwoordelikheid te neem** vir sy eie vryheid én die van sy geliefdes.

**[30]**

**OF**

IEB Copyright © 2024

## VRAAG 5 *Toekomsmens* deur Isa Konrad

In die roman *Toekomsmens* is **menslikheid** en **mag** deurlopende temas. Om mag te behou tree sekere karakters en bevolkingsgroepe dikwels selfs **onmenslik** op teenoor hulle medemens.

**OPDRAG**

Bespreek in 'n literêre opstel hoe verskillende groepe en karakters hul **menslikheid behou of moet prysgee** te midde van die magstryd.

Verwys in jou bespreking onder meer na:

- die GenX- en Lebensbornprogram;
- karakters wat opstaan teen die sisteem;
- In-Grid se ontwikkeling en invloed op die sisteem.

**[30]**

**60 punte**

IEB Copyright © 2024

## AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

Lees die teks getiteld: "Skole moet kinders ook hiérvan leer".

**Skole moet kinders ook hiérvan leer**
Deur: Michael le Cordeur

'n Skoolhoof bel my een Vrydag toe ek nog kringbestuurder was. Baie ontsteld wou hy weet wat hy moet doen omdat 'n seun weier om 'n toets ná skool te skryf. By die aanhoor van die seun se naam lig ek die hoof in dat hy waarskynlik 'n Moslem is wat, soos alle Moslem mans, Vrydag-middae moskee (kerk) toe gaan.

Ek herinner my ook aan die keer toe matrieks die wiskundevraestel op Eid (Moslems se heilige dag) moes skryf. Stel jou voor jou kind moet wiskunde skryf op Kersfees! Die fout is daarna reggestel.

Die vraag is: Hoe kon 'n skoolhoof en 'n onderwysdepartement in vandag se tye so 'n fout begaan het? Die antwoord is eenvoudig: Diversiteit vertoon prominent in die Grondwet, die gedrags-kodes van skole en universiteite en die missiestelling van maatskappye en organisasies. Maar ons leef dit nie.

Laat ons vir 'n wyle stilstaan by die beleidsdokument van die departement van onderwys. In die KABV word die volgende genoem as die beginsels waarop ons onderwysstelsel geskoei is: maatskaplike transformasie en geregtigheid, waardering vir inheemse kennissisteme en sensitiwiteit vir diversiteitskwessies soos geslag, geloof en gestremdhede.

Desondanks het konflik die afgelope tyd landwyd in skole voorgekom, meestal weens 'n gebrek aan sensitiwiteit vir diversiteit.

Sommige skole lê soveel klem op akademiese prestasie dat hulle vergeet van leerlinge se unieke behoeftes. Soms voel leerlinge soos vreemdelinge in hul eie skool. Dikwels is die fokus so op eksamens dat daar selde geleenthede geskep word vir leerlinge van verskillende agtergronde om waardering vir mekaar se anders wees te kweek.

Die onderrig van 'n relevante kurrikulum en die voorbereiding vir eksamens is belangrik, en die KABV beklemtoon ook gehalte-onderrig. Dit mag egter nooit ten koste van leerlinge se menswaardigheid wees nie.

[Verwerk uit: <netwerk 24.com/netwerk24/stemme/menings/skole-moet-kinders-ook-hiervan-leer-20210705>]

IEB Copyright © 2024

**VRAAG 6 VERPLIGTE VRAAG**
**BLOG**

Na 'n insident by jou skool het daar verskillende menings ontstaan oor hoe alle groepe se diversiteit beskerm moet word.

Jy besluit om 'n **BLOG** te begin wat jongmense 'n platform sal gee om hulle opinie oor diversiteit te lug. Die kriteria is dat alle opinies wat gelug word goed nagevors moet wees. Blatante diskriminasie sal nie geduld word nie.

**BELANGRIK:**

- Jy skryf die eerste inleidende blog-inskrywing (**van ongeveer 250 woorde**) waarin jy jou mening gee oor hoe diversiteit in skole hanteer moet word.
- Maak seker dat jou styl en toon van goeie taalgebruik en 'n ingeligte mening getuig.
- Bring die woordtal onder jou skryfstuk aan.

**[20]**

**EN**

**Beantwoord VRAAG 7 of VRAAG 8**

**VRAAG 7 HEILDRONK**

Jou beste vriend(in), van speelgroepiedae af, gaan binnekort sy/haar agtiende verjaardag vier. Jy is gevra om 'n heildronk op jou vriend(in) in te stel, maar ook om julle vriendskap te vier.

**BELANGRIK:**

- Jou toespraak moet **250 woorde** lank wees. Bring die woordtal onder jou skryfstuk aan.
- Gee besondere aandag aan register, styl en toon wat duidelik aantoon dat jy die persoon baie goed ken.
- Jou toespraak moet die teikengroep, naamlik **jou vriend(in) se jong gaste asook jou vriend(in) se ouers en hulle vriende wat teenwoordig is**, aanspreek.
- Bring die woordtal onder jou skryfstuk aan.

**[20]**

**OF**

## VRAAG 8 BEKENDSTELLING VAN 'N SPREKER

Jy is onlangs as voorsitter van die eksklusiewe *Opkomende Digters/Skrywers-Vereniging* by jou skool aangewys en het 'n opwindende, nuwe studentedigter/-skrywer uitgenooi om julle te kom toespreek. Dit is jou plig as voorsitter om die genooide gas aan die gehoor voor te stel.

**BELANGRIK:**

- Jy kan 'n **fiktiewe** digter/skrywer gebruik.
- Noem die hoogtepunte in die jong digter/skrywer se loopbaan tot dusver.
- Kondig die onderwerp van die digter/skrywer se praatjie aan.
- Jou register, styl en toon moet formeel wees.
- Jou bekendstelling moet ongeveer **250 woorde** lank wees.
- Bring die woordtal onder jou skryfstuk aan.

**[20]**

**40 punte**

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2024